Journal for Language Teaching ISSN 0259-9570

# TAALDIDAKTIEK MET BESONDERE VERWYSING NA SKRYFVAARDIGHEDE IN DIE SEKONDêRE SKOOLFASE

Dr. R. Snyman

Universiteit van Pretoria

## 1. INLEIDING

Dit is allerweë bekend dat die didaktiek die terrein van die onderrig ondersoek en beskryf en die taaldidaktiek die verbesondering daarvan is. Teen die agtergrond van die twee dissiplines is dit die doel van dié referaat om 'n aspek van stelwerkonderrig uit te lig en te bespreek. Die doel is verder om deur die bespreking riglyne te verskaf vir die opleiding van Afrikaansonderwysers ten opsigte van stelwerk- of skryfonderrig. Die taaldidaktiek is 'n verbesondering van die didaktiek in die sin dat die taaldidaktiek die onderrig en wese van taal navors en volledig probeer beskryf. Die taaldidaktiese uitsprake ten opsigte van skryfwerkonderrig in die referaat het ook segwaarde vir skryfonderrig wat in en deur ander vakke aangebied word.

Die idee dat skryfvaardighede 'n aangeleentheid is van al die akademiese bedrywighede in elke skool en opleidingsinstansie word al lank ondersteun deur onderwyskundiges. Young en Fulwiler sê in dié verband:

> The idea that writing is the business of the whole school community has long been supported by major scholars in composition, including James Moffett, James Britton, James Kinneavy, Mina Shaughnessy and Janet Emig. Collectively, they have argued that student writing will not improve substantially until students see writing at the center of their academic curriculum; that is, until they learn to value writing, and to practice it in the daily business of learning in all disciplines. (1986, p. 1)

Die skryfvaardigheid vervul 'n belangrike rol in die moderne mens se lewe, dit is dus te verstane dat dié taalvaardigheid en die onderrig daarvan veral in taalonderwys baie aandag geniet. Baie verskillende metodes vir skryfonderrig word in die literatuur beskryf, die evaluering van leerlinge se skryfprodukte is beskryf en sinvolle tabelle vir die doel is ontwikkel. (Kyk Meij, Kühn en Snyman

1985, pp. 155-184) Ten spyte van die navorsing en literatuur oor stelwerk is daar steeds leemtes ten opsigte van die vermoëns van leerlinge, studente en beroepsbeoefenaars om sinvol en korrek te kan skryf. 'n Ondersoek van die literatuur toon dat die hoë moeilikheidsgraad van sinvol te kan skryf by herhaling genoem word. Hierdie saak van die ingewikkelde kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese aktiwiteite wat kenmerkend van stelwerk of skryfwerk is, word later weer in perspektief gestel.

Aangesien die bespreking op skryf fokus, is die volgende wesenstrekke van dié aktiwiteit belangrik, ook as regverdiging van die idee van stelwerk of skryfaktiwiteite dwarsoor die kurrikulum. In die eerste plek is dit belangrik dat onderwysers besef dat dit 'n ingewikkelde kognitiewe proses is om 'n sinvolle teks te skryf; tweedens dat skryf 'n wyse van kommunikasie sowel as 'n wyse van leer is en derdens dat leerders se probleme in verband met skryfwerk 'n hele aantal redes het, wat nie vinnig of gou geïdentifiseer kan word, sodat kitsoplossings gevind sal word nie. Die skryfvaardigheid ontwikkel oor jare en moet gedurig deur effektiewe onderwys ondersteun en gevoed word. Hier geld die didaktiese beginsel van die skep van leergeleenthede vir sinvolle skryfwerk deur die leerling. Skryf word dikwels beskou as net 'n basiese vaardigheid vir die oordra van kennis. Hierdie beperkte siening van stelwerk ignoreer die skeppingsmoontlikhede en drange van die meeste leerlinge. Hierdie skeppingsdrange word deur Berthoff as die essensie van die denke beskou, sy sê in dié verband:

> The work of the active mind is seeing relationships, finding forms, making meanings: when we write, we are doing in a particular way what we are already doing when we make sense of the world. We are composers by virtue of being human. (1978, p. 12)

'n Verdere belangrike aspek van die skryfaktiwiteit is om in gedagte te hou dat dit 'n mens se gedagtes konkretiseer wat lei tot verdere interaksie tussen die skrywer en sy teks sodat veranderinge in sy denke kan plaasvind. Dit wat geskryf is kan weer bekyk word, her-bedink word en weer oorgeskryf word, so word nuwe gedagtes en idees gegenereer. Hierdie kreatiwiteitsaspek van stelwerkonderrig is omvattend en dit is lonend vir die onderwyser om soveel daaroor te lees en te begryp as wat moontlik is.

In die onderwys en opvoeding van die leerling is die bemeestering van die taalvaardighede die hoeksteen nie alleen van sy akademiese bedrywighede nie, maar van sy hele menswees. Die leerling of student se skryfvaardighede weerspieël die kwaliteit en vlak van sy luister, praat en leesvaardighede en die skryfvaardigheid word deur die ander taalvaardighede ondersteun. Die onderrig van stelwerk kenmerk dikwels net 'n paar opdragte in 'n klassituasie sonder spesifieke doelwitte voor oë, soos byvoorbeeld:

* kies 'n onderwerp waaroor jy wil skryf;
* skryf 'n paar kernsinne oor die onderwerp neer;
* skryf nou 'n paragraaf oor elke kerngedagte;
* gebruik 'n inleiding, 'n uiteensetting en 'n slot vir jou opstel;
* die opstelle word dan nagesien en die foute bespreek.

Hierdie soort benadering tot stelwerkonderrig fokus net op die eindproduk en van die proses om tot die eindproduk te kom en van iets skeppend skryf, kom niks tereg nie.

Om te kan skryf is 'n langsame proses en dit moet stapsgewys onderrig word in die skool of opleidingsinstansie. Die aard van stelwerk vereis vir die onderrig daarvan deeglike voorafbeplanning en voor-skryfoefeninge wat besondere eise aan die onderwyser stel ten opsigte van die gereedmaking van die leerlinge om uiteindelik wat van hulle verwag word, te kan skryf.

## 2. 'N PROBLEEMSTELLING

Die probleem van hierdie referaat wentel om die twee essensiële sake wat in die tema voorkom, naamlik taaldidaktiek en skryfvaardighede. Die essensiële, teoretiese aspekte van die didaktiek vind sy neerslag in onder andere die taaldidaktiek wat weer op sy beurt riglyne gee vir die onderrig en leer van skryfvaardighede. Daar is talle wyses of metodes (wat in die literatuur beskryf is) waarop die teoretiese didaktiese aspekte in die praktyk verbesonder word sodat leerders skryfvaardighede effektief sal kan bemeester. Die uitgangspunt wat hier geld is ook dat skryfvaardigheidsonderrig nie net die verantwoordelikheid van die taalonderwysers is nie, maar dat skryfvaardighede in elke vak onderrig en gekontroleer behoort te word, dus skryfonderrig dwarsdeur die kurrikulum heen. Die vraag wat dus ontstaan is: hoe beweeg die didaktiese teorie deur die taaldidaktieke na die onderrig van skryf. Weens die beperktheid van die lengte van die referaat, kan daar net op enkele aspekte van die onderwerp gefokus word.

## 3. HIPOTESE

Die veronderstelling is dat didaktiese beginsels soos byvoorbeeld duidelike leerdoelwitformulering, 'n dinamiese aanbieding van skryfonderrigstrategieë, die skep van geleenthede vir leerlingkreatiwiteit, ondersteunend is tot effektiewe skryfprosesse en uiteindelike skryfprodukte. In die verband is dit moontlik om al die algemene en besondere didaktiese beginsels (Van der Stoep en Louw 1984, pp. 48-52) deur te trek en van toepassing te maak op skryfonderrig. Verder kan stelwerk effektief onderrig word deur die sistematiese en gestruktureerde beplanning van die onderwys. Die uiters belangrike komponent van

stelwerkonderrig wat in die inleiding genoem is, naamlik die vooraf inoefening en gereedmaking om sinvol te kan skryf, bied ook ten dele 'n oplossing vir die gestelde probleem. Hierdie genoemde aspekte het betekenis en segwaarde vir skryfwerk wat in die ander vakke as die tale aangepak kan word. Wat die ander vakke betref, is die veronderstelling dan dat die didaktiese beginsels, die onderrig- en leeraktiwiteite wat in 'n Afrikaans stelwerkles beskryf word, aangepas en toegepas kan word op ander vakke volgens die eie aard van daardie vakke.

## 4. ONDERRIGBEGINSELS VIR SKRYFVAARDIGHEDE

Die noue verband tussen die didaktiek, die taaldidaktiek en stelwerkonderrig is reeds in die probleemstelling en hipotese aangetoon. In hierdie gedeelte word die onderrig van skryfvaardighede van nader bekyk met die stellings wat oor skryf in die inleiding gemaak is in gedagte.

Stelwerkonderrig moet versigtig beplan word met duidelike doelstellings voor oë. Leerlinge verskil wat hulle skeppingsvermoëns betref, in die verband sê Meij, Kühn en Snyman (1985, p.128): "benewens enkele leerlinge met 'n natuurlike aanleg vir stelwerk, het elke klas sy kwota leerlinge met min aanvoeling vir die gebruik van die juiste woord en die duidelik geformuleerde sin." Hulle wys ook daarop dat baie leerlinge 'n sterk afkeer het aan stelwerk veral omdat hulle na jare se swak onderrig daarvan ook nog in die senior sekondêre fase 'n herhaalde druippunt vir stelwerk moet verwerk.

Benewens die feit dat skryfvaardighede op indirekte wyse deur die ander taalkomponente onderrig word, is dit belangrik dat die onderwyser 'n stelwerkprogram sal voorberei en aanbied wat aan die leerders optimale geleenthede vir skryfwerk sal bied. In so 'n onderrigprogram moet die boustene van die skryf van 'n teks in gedagte gehou word en moet die volgende aspekte onderrig word: woordgebruik, sinsbou, die strukturering van paragrawe en die beplanning van die vollengte opstel, brief, verslag, notule van 'n vergadering, ensovoorts. Die onderrigstrategieë vir hierdie aspekte word uiteengesit in sommige van die aangehaalde werke, byvoorbeeld in Young en Fulwiler, in Meij, Kühn en Snyman en in verskeie artikels wat deur die jare in Klasgids gepubliseer is.

Wat van besondere belang vir die onderwyser is, is dat daar tydens die onderrig en leer van alle vakke, gefokus kan word op die gebruik van juiste woorde en vakterminologie, juis sodat 'n sensitiwiteit vir die regte, die beste woord in 'n bepaalde konteks by die leerling sal ontwikkel.

In 'n skryfprogram sal daar ook aandag gegee moet word aan die strukturering van 'n paragraaf. Die tegnieke wat hierby betrokke is, is die volgende:

* die herkenning van 'n kernsin in 'n voorbeeld van 'n goeie paragraaf, byvoorbeeld uit die letterkunde;

* die bepaling van die posisie van die kernsin in die paragraaf. Staan die kernsin aan die begin, of aan die einde van die paragraaf? Laasgenoemde dui op 'n deduktiewe of induktiewe ordening;

* chronologese ordening vir gebeure wat in 'n tydsverloop afspeel;

* Hierdie aktiwiteite verskaf insig in die strukture-ringswyses van 'n paragraaf sodat leerlinge eie paragrawe sal kan skep;

* die uitleg van die aaneenskakeling van paragrawe aan die hand van 'n interessante essay van byvoorbeeld Audrey Blignaut of Chris Barnard. Die uitgangspunt is hier dat leerlinge deur 'n goeie teks te analiseer waardevolle inligting oor die skryfvaardighede wat gebruik moet word, kan inwin (Meij, Kühn en Snyman 1985, pp. 128-131).

By die onderrig van stelwerk moet die onderwyser in gedagte hou dat daar geskryf word om te kommunikeer. Dit gaan dus hier om 'n sender, die skrywer wat 'n boodskap, die geskrewe stuk, na 'n ontvanger, die leser, stuur. Die uitvoering van hierdie kommunikasieproses verg vaardighede op die vlak van die kognitiewe, die gevoelsmatige en die psigomotoriese. In sy analise van die skryfproses sê Peacock:

> The nature of the language chosen to convey the writers' meanings - the actual choice of words and the sentence and the paragraph structures - will depend very much on what is appropriate to the communicative setting and context of the writing. What kind of writing is it? What is its purpose? (1986, p. 20)

Die outeur bespreek dan ook die belangrikheid van die ontvanger van die boodskap, dit wil sê vir wie skryf die leerling? Die leerlingskrywer kan die onderwyser as die ontvanger in gedagte hê. Dit het soms die gevolg dat die leerling in sy opstel, verslag of paragraaf belangrike inligting verswyg omdat hy/sy meen dat die ontvanger alles van die onderwerp reeds weet. Die onderrig moet fokus op die ontvanger van die boodskap: die leerling moet bepaal en weet vir wie hy skryf. Stelwerk moet vir die leerling betekenisvol wees en altyd rekening hou met sy leefwêreld buite die klaskamer.

## 5. PRAKTIESE STELWERK

### 5.1 Algemene inligting

In 'n Vakdidaktiek Afrikaanskursus wat aangebied is by die Universiteit van Pretoria se fakulteit Opvoedkunde is stelwerkonderrig aangebied aan finalejaar onderwysstudente. Hier volg nou 'n bondige uiteensetting van 'n stelwerkles wat aangebied is met suksesvolle resultate ten opsigte van die skryfwerk van st. 7 leerlinge. (Die les word gebruik met die toestemming van mej. K. Pretorius.)

Hierdie les is 'n voorbeeld van hoedat vooraf-inoefening die leerlinge ondersteun en help om uiteindelik kreatief te kan skryf. Die idee van groepwerk word in die les geregverdig sowel as die feit dat waarneming deur die sintuie die ervaring verskaf waaraan die leerlingskrywers uitdrukking gee in hulle paragrawe. Die werkwyse wat gevolg is, verseker dat leerlinge deur voorbereidende aktiwiteite gedagtes oor die onderwerp begin skep sodat hulle 'n beskrywing kan gee aan iemand wat nie dieselfde ervarings gehad het nie.

Shaughnessy (1977, p. 245) onderskryf ook die voorafgaande insigte: "instruction in writing must begin with the more fundamental process whereby writers get their thoughts in the first place and then get them underway." Ook Koch en Brazil (1978, p. 25) sê: "students must te taught how to explore topics, develop ideas and discover relationships."

Die les wat hier beskryf word, is aangebied as 'n kritiekles wat binne 'n spesifieke tyd afgehandel moet word. Die les moet dus gesien word as 'n gedeelte van 'n ekstensiewe stelwerkprogram wat vir die st. 7 leerlinge aangebied word.

## 5.2 'n Stelwerkles

**1. Sillabustetema:** Skriftelike stelwerk - die beskrywende paragraaf

**2. Reduksie van die nuwe inhoud**

## 5.2.1 Inhoud:

* In 'n beskrywende paragraaf oor die see moet daar beskrywe word hoe die see lyk, voel, ruik, klink en smaak, met ander woorde: die see moet met die **sintuie** waargeneem word.

* By 'n beskrywende paragraaf is die uitgangspunt altyd **beskrywing**: van gevoelens **(subjektief)**, maar ook van dinge, mense en diere **(objektief)** wat met die see te doen het.

* 'n Beskrywing van die see veronderstel waarneming van die see; daarom gaan die leerlinge al hulle sintuie inspan - leerlinge gaan nie net **kyk** na die see/prent van die see nie, maar ook **luister** na die geluid van branders en seemeeue, **voel** aan skulpe en seesand, **proe** aan soutwater en **ruik** aan sonbrandolie.

* Die see gaan dus beskrywe word deur mee te deel wat daar met die sintuie waargeneem is.

* Daar gaan gevolglik ook baie van figuurlike taalgebruik gebruik gemaak word, ten einde die see te beskrywe, byvoorbeeld **vergelyking, personifikasie** en ook **eenwoordsinne.**

### 5.2.2 Begrippe

* Die volgende begrippe met betrekking tot skriftelike stelwerk gaan gedurende die les aandag geniet.

* Beskrywing - in woorde skets
  - 'n woordportret gee en skryf

* Sintuie - Gesigsintuig - kyk
  - Tassintuig - vat/voel
  - Gehoorsintuig - hoor
  - Reuksintuig - ruik
  - Smaaksintuig - proe

### 5.2.3 Samehange

* Die verband tussen **die gebruik van sintuie (waarneming)** en **die skryf van 'n treffende, beskrywende paragraaf.**

### 5.2.4 Kundighede, vaardighede en/of tegnieke

* Waarneem - kyk
  - vat/voel
  - hoor
  - ruik
  - proe
* Beskryf

### 5.2.5 Bordskema

* Die volgende skema word aan die leerlinge op transparant vertoon:

---

**DIE BESKRYWENDE PARAGRAAF**

**SIN 1:**

Beskryf toneel, deur middel van **personifikasie** en **gesigsintuig**

**SIN 2:**

**Eenwoordsin** - sluit aan by sin 1

**SIN 3:**

Beskryf toneel, deur middel van **vergelyking, herhaling** en **gehoorsintuig**

**SIN 4:**

Beskryf toneel, deur middel van **tassintuig**

**SIN 5:**

Beskryf toneel, deur middel van **reuksintuig**

**SIN 6:**

Beskryf toneel, deur middel van **smaaksintuig**

**SIN 7:**

**Slotsin** - treffend

---

## 5.2.6 Leerdoelwitte

* Aan die einde van die periode behoort die leerlinge in staat te wees om:

* 'n Beskrywende paragraaf oor die see te **skryf** wat uit die volgende moet bestaan:

  i) 'n sin met personifikasie

  ii) 'n sin met 'n vergelyking

  iii) 'n sin met herhaling

  iv) 'n eenwoordsin

  v) sinne waarin elkeen van die vyf sintuie ter sprake kom.

## 5.3 Lesverloopdoelwitte

### 5.3.1 Aktualisering van voorkennis

* Die onderwyser versoek die leerlinge om asseblief hulle sonbrille op te sit, aangesien die son vandag besonder skerp is op die strand.

* Daarna word die leerlinge versoek om hulself te verplaas na 'n rots by die see en na die see te luister.

* Die onderwyser speel 'n bandopname met seegeluide: seemeeue en branders wat bruis.

### 5.3.2 Probleemstelling

* Terwyl julle so op die rots sit en die statige branders aanskou, ontstaan daar by julle die begeerte om hierdie asemrowende gesig vir ewig vas te lê op papier en so aan iemand mee te deel.

* Maar hoe?

* Deur die beskrywing van die toneel in treffende taal.

* Maar wat presies beteken "beskrywing"?

* Een van die leerlinge lees voor uit die HAT:

**beskrywing** - "in woorde skets"

- "'n woordportret gee"

Dus: Probleemstelling: Die skryf van 'n beskrywende paragraaf deur middel van waarneming waardeur alle sintuie betrek word.

Slegs deur middel van sintuiglike waarneming kan 'n toneel werklik treffend beskryf word.

### 5.3.3 Eksposisie van die nuwe inhoud

* Die eksposisie vind aan die hand van die bordskema en deur middel van hulpmiddels plaas.

* Die klas is in vyf groepe verdeel.

* Elke groep kry die opdrag om 'n "woordportret" (beskrywende paragraaf) te skryf oor die see met gebruikmaking van die volgende hulpmiddels:

i) Die geluide van die see Gehoorsintuig

ii) 'n Skildery/prent van die see Gesigsintuig

iii) Sonbrandolie Reuksintuig

iv) Seesand en skulpe Tassintuig

v) Soutwater Smaaksintuig

vi) Plakkate met beskrywende woorde, frases en sinne

* Die beskrywende paragraaf moet uit sewe sinne bestaan (volgens bordskema) en geskryf word vir iemand wat nog nie dieselfde ervaring gehad het nie.

## 5.3.4 Kontrole

* 'n Kontinue kontrole vind plaas tydens eksposisie.

* Die onderwyser beweeg tussen die leerlinge deur om probleme op te los.

* Na sowat 10 minute rapporteer 'n leerling uit sekere groepe (2) terug deur sy groep se paragraaf voor te lees.

* Indien die tyd dit toelaat, kan een van die leerlinge ook 'n ander voorbeeld voorlees.

Woorde en begrippe wat deur die leerlinge gebruik is in die skryfopdrag:

**DIE SEE ... 'N WOORDPORTRET**

## a. Personifikasie

* Die branders **liefkoos** die strand

* Die see **lok** jou om te kom baai

* Die rotse **verslinger** die branders

## b. Gesigsintuig

* sig, toneel, wollerige waters, goue strand

* bruisende skuimmassa, beenwit sand

* branders: wit skuimende/statige

* 'n eindelose golf ... naby, dan weer ver ...

* die deining beweeg op en neer

* golwe: dronk, mal van pret, oorrollend, opdoeffend teen die rotse, oppluimend, uitspattend in 'n wolk van skuim, wat bo in puntjies uitpyl en windverwaaid neerswiets in die siedende see

## c. Eenwoordsinne

* Asemrowend!

* Verkwikkend!

* Fantasties!

* Onvergeetlik!

* Pragtig!

## d. Vergelyking:

* dreuning: **soos** asemhaling

**soos** die strykers in 'n orkes

orkes - die branders = basviool

golfies = viool se fyn klank

## e. Herhaling:

klots, klots

* die golwe wieg **een-in, een-uit** op maat van **nimmer-nimmer** rus

* die golwe **kap en kla, kap en kla** teen die rotse

* ek hoor **aaneen-aaneen** die golwe slaan

## f. Gehoorsintuig:

* geluid, eentonig, sag, harmonieus, sing, fluisterend, dreuning, bruis, gedreun, klink

* branders: **klink** soos veraf donder wat rol en rommel

* golfies: kab-kabbel

## g. Tassintuig

* kielie, klam, taai, voel, vryf, grof

## h. Reuksintuig

* ruik, intrek, reuk, geur, snuiwend

## i. Smaaksintuig

* sout, soutigheid

* smaak, proe

# 6. SLOT

Hierdie les is een voorbeeld van die aanpak van sinvolle stelwerk in die skoolsituasie. Indien skryfwerk reeds in die sekondêre skoolfase tot sy reg kan kom, behoort leerders in die tersiêre onderwysfase minder probleme met skryfwerk op alle vlakke te ervaar.

Hierdie bespreking maak geen aanspraak op volledigheid nie. Belangrike aspekte waaroor reeds navorsing gedoen is, hier te lande nog gedoen kan word en wat nie hier aangeraak is nie, is byvoorbeeld die volgende:

* stelwerk en kurrikulering

* die verband tussen leesvaardighede en skryfvaardighede

* die betekenis van die skryfvermoë van'n leerder en effektiewe leer

* die verband tussen die skryfvaardighede en kommunikatiewe vaardighede

* rekenaarondersteunde stelwerkonderrig.

Dit is duidelik dat taal onderliggend is aan al hierdie aktiwiteite en gevolglik het die hele spektrum van taalonderwys (die onderrig en leer daarvan) kardinale betekenis vir stelwerkonderrig.

## BIBLIOGRAFIE


Aucamp, Hennie. (1983). Meer vastigheid en vorm. *Klasgids 18, 2* Junie 1983. Pretoria: Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie.

Crafford, M. (1988). Die remediëring van skriftelike stelwerk. *Klasgids 23, 2* Mei 1988. Pretoria: Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie.

Bothma, T.C., & Cloete, T.T. (1963). *Opstelonderrig*. Nasionale Opvoedkundige Uitgewery, Bpk.

Bothma, T.C., & Meij, J.C.P. (1975). *Opstelskryf in die Laer- en Hoërskool.* Elsiesrivier: Nasou Beperk.

Brumfit, C.J. (1980). *Problems and principles in English teaching*. Oxford: Pergamon Press.

Byrne, Donn. (1979). *Teaching writing skills.* London: Longman, UK.

Du Toit, A., & Orr, M. (1987). *Achiever's Handbook*. Johannesburg: Southern Book Publishers (Pty.) Limited.

Koch, C., & Brazil, J.M. (1978). *Strategies for teaching the composition process.* Urbana III: National Council of Teachers of English.

Meij, K., Kühn, T., & Snyman, R. (1985). *Vakdidaktiek Afrikaans Moedertaal in die sekondêre skool.* De Jager-Haum.

Peacock, C. (1986). *Teaching writing : A systematic approach*. London: Croom Helm, UK.

Shaughnessy, M.P. (1977). *Errors and expectations*. New York: Oxford University Press.

Van der Stoep, F., & Louw, W.J. (1987). *Inleiding tot die Didaktiese Pedagogiek.* Pretoria: Academica.

Young, A., & Fulwiler, T. (1986). *Writing across the disciplines. Research into practice.* Upper Montclair, USA: Boynton/Cook Publishers.